

GR. 12 VERBRUIKERSTUDIE

1. Entrepreneur:

- 'n Persoon wat sy produkte of dienste verkoop om sodoende 'n wins te maak.
- 'n Persoon wat sy/haar eie besigheid begin en bestuur.
- 'n Persoon wat 'n gaping in die mark sien/'n besigheidsgeleentheid in die mark identifiseer en dit verander na 'n suksesvolle en winsgewende besigheid.

2. Besigheidsplan:

- 'n Formele verklaring van WAT 'n besigheid wil bereik en HOE dit beoog om dit te bereik.

3. Teikengroep

- Dit is 'n spesifieke groep mense wat in 'n produk/diens sal belangstel en dit sal koop/daarvoor sal betaal.
- Dit is mense wat dieselfde eienskappe deel, bv. geslag, ouderdom, werk, koopgewoontes, inkomstegroepe en kultuur.

4. Marknavorsing:

- Dit is 'n beplande en georganiseerde poging om nuwe kennis/feite te verkry wat die entrepreneur sal help om ingeligte besluite te maak oor sy/haar produk en hoe om dit te bemark.
- Dit word onderneem om inligting te verkry oor die potensiële mark van die besigheid, asook om die potensiële mark se behoeftes en begeertes te identifiseer.

5. Aanvangskoste:

- Dit is kostes/geld wat benodig word om 'n besigheid te begin of in te rig totdat die besigheid se gelykbreekpunt bereik word.

6. Aanvangsbronne:

- Materiële en menslike bronne wat benodig word om 'n besigheid te begin.

7. Gelykbreekpunt:

- Die punt wanneer die totale koste (uitgawes) en totale verkope van die besigheid gelyk is maar daar is nog geen wins of verlies nie.
- Dit is wanneer die inkomste en uitgawes gelyk is aanmekaar maar die besigheid toon nog geen wins of verlies nie.

- Dit is die minimum hoeveelheid verkope wat nodig is om alle uitgawes te dek sonder dat 'n wins gemaak word.

8. Bedryfkostes:

- Dit is kostes wat betaal word om 'n besigheid te bedryf en 'n produk of diens te verskaf.
- Alle kostes of uitgawes wat benodig word om die besigheid te bestuur.

9. Produkspesifikasies:

- Dit is die standaard wat gehandhaaf moet word tydens die vervaardiging van die produk.
- Dit is 'n gedetailleerde beskrywing van die produk.
- Hulle verseker dat verbruikers altyd dieselfde, goeie, deurlopende kwaliteit produk kry ten opsigte van voorkoms, tekstuur, smaak en grootte.

10. Kwaliteitskontrole:

- Dit beskryf die inspektering van produkte om sodoende te verseker dat die vereiste standaard gehandhaaf word.
- Dit is die prosedure wat deur middel van inspeksie gevolg word om te verseker dat die kwaliteit van die produk deurgans gehandhaaf word om aan die vereiste standaard te voldoen.

11. Volhoubare produksie:

- Die gebruik van goedere en dienste om die kwaliteit van verbruikers se lewens te verbeter deur te voldoen aan verbruikers se basiese behoeftes, sonder om die omgewing te beskadig.

12. Winsgewende besigheid:

- 'n Besigheid wat 'n onbevredigde behoefte in die mark bevredig en terselfdetyd ook 'n wins maak.

13. Handelsmerk/naam:

- 'n Spesifieke manier van identifisering wat dit maklik maak om 'n produk te identifiseer en te onderskei van ander mededingende produkte.

14. Voorraadkontrole:

- Dit is die proses wat gevolg word om te verseker dat die besigheid genoeg rou materiale het.
- Dit is die proses wat gevolg word om te verseker dat produksie nie onderbreek word as gevolg van 'n tekort aan rou materiale

nie.

15. Vervaardigingskoste:

- Dit is die uitgawes wat 'n besigheid moet betaal om goedere en dienste aan kliënte te verskaf.
- Dit is die kostes betrokke in die vervaardiging en verpakking van die produk.

16. Vaste koste:

- Dit is die kostes wat dieselfde sal bly, al verskil die hoeveelheid produkte wat gemaak word.

17. Veranderlike koste:

- Dit is produksiekostes wat waarskynlik elke keer gaan verander/verskil.

18. Oorhoofse kostes:

- Hierdie is die addisionele kostes wat betaal moet word sodat die besigheid bedryf kan word.

19. Effektiewe produksie:

- Die optimale gebruik van materiale en menslike bronne, met ander woorde dit word op so 'n manier gebruik dat produktiwiteit bevorder word met min verliese.

20. Verkoopprijs:

- Dit is die produksiekoste plus die wins.

21. Winsgrens:

- Dit is die persentasie of hoeveelheid geld wat by die kosprys getel word om alle oorhoofse kostes te dek asook 'n spesifieke bedrag geld oor te hou vir 'n wins.

22. Wins:

- Dit is die geldelike beloning wat die besigheid ontvang vir die geld wat bestee word en die energie wat belê is in die besigheid.

23. Kontantvloeiprojeksie (vooruitskatting):

- Dit is 'n dokument wat voorspel hoe die besigheid se geld sal beweeg vir 'n sekere tydperk in die toekoms.

24. Finansiële uitvoerbaarheidstudie:

- 'n Studie wat gedoen word om te bepaal of 'n besigheid suksesvol sal wees nadat die totale kostes en maandelike belasting in berekening gebring word.

25. Volhoubare winsgewendheid:

- 'n Besigheid wat vir 'n lang tyd produkte maak, alle hulle uitgawes dek en ook 'n wins toon.

26. SWOT - analise:

'n Manier om 'n besigheid se doelwitte te analiseer deur sy sterk punte, swak punte, geleenthede en bedreigings te identifiseer.

27. Bruto inkomste of salaris:

- Die totale inkomste /salaris **voordat aftrekkings** gemaak is.

28. Netto salarisse of inkomstes:

- Inkomstes/salarisse **nadat** aftrekkings gemaak is.

29. Kompetierende voordeel:

- Besighede wat 'n beter of meer geskikte produk verskaf as ander besighede het 'n kompetierende voordeel.

30. Werksplan/implementeringsplan:

- Dit is 'n dokument wat aandui watter take gedoen moet word om die besigheid se doelwitte te bereik met die tyd en menslike hulpmiddele wat beskikbaar is.

31. Bemerkingsmengsel:

- Die veranderlikes ten opsigte van die produk, plek, promosie en prys is die bemerkingsmengsel wat die sukses van die produk in 'n besigheid bepaal.

32. Bemerkingsstrategie:

- Dit is 'n proses wat 'n besigheid in staat stel om te konsentreer op sy bronne om die optimale veranderlikes ten opsigte van die vyf elemente: produk, plek, persone, promosie en prys, te verkry.
- Dit identifiseer besigheidsgeleenthede met die doel om verkope te vermeerder en 'n volhoubare kompetierende voordeel te kry.

KLEDING

1. Mode:

- Dit is 'n klerestyl wat 'n spesifieke groep/die meerderheid van mense aanvaar en dra op 'n gegewe tyd en plek

2. Styl/Modestyl:

- Dit is die spesifieke eienskap wat maak dat een produk of item verskillend is van 'n ander produk van die dieselfde tipe
- Verskille of byvoegings waarby soortgelyke produkte van mekaar onderskei word

3. Silhoeët:

- Dit is die buitelyne van jou liggaam of van 'n kledingstuk, wat jy van 'n afstand kan sien, selfs voordat enige besonderhede/detail van die styl sigbaar is

4. Klassieke style:

- Dit is style wat aanhoudend/altyd aanvaar word, omdat dit tydloos en smaak-/stylvol is

5. Modegrille:

- Dit is 'n mode met 'n kort lewensiklus
- Dit is enige styl wat sterk in aanvraag is/opgeval word deur 'n groot groep mense, dit kom en gaan/verskyn en verdwyn baie vining
- Items wat vining gewild raak en verdwyn dan weer net so vining

6. Mode-/Standaard neigings:

- Dit is die rigtings waarin die mode beweeg
- Neigings begin, groei, raak gewild en neem geleidelik af

7. Retrospektiewe mode:

- Verwys na klere wat die style van 'n vorige/voormalige era naboots
- Mode-ontwerpers kyk gereeld na die verlede vir idees/inspirasie

8. Kontemporêre mode:

- Dit is die styl wat deur baie mense aanvaar en gedra word, word in groot hoeveelhede vervaardig en teen 'n lae prys verkoop

9. Haute couture/Hoogmode:

- Hierdie is nuwe unieke/verregaande en eksklusiewe style wat deur topontwerpers geskep word en is baie duur

MODESIKLUS

10. Bekendstelling/Lansering/Beginstadium/ 1ste stadium:

- Mode word bekend gestel
- Tydens hierdie stadium aanvaar of verwerp modeleiers hierdie styl

11. Toename/Groei/2de stadium:

- Die mode raak gewild en meer mense aanvaar dit

12. Hoogtepunt/Piek/3de stadium:

- Die mode bereik sy hoogtepunt in gewildheid en word wyd aanvaar deur baie mense, baie mense dra dit

13. Afname/4de stadium:

- Mense raak verveeld en die mode neem af, omdat al hoe minder mense dit dra, totdat niemand dit meer dra nie, dit gaan dan op uitverkoop in die winkels

14. Verouderd/uitgedien/einde/5de stadium:

- Kledingstukke gaan uit die mode. In hierdie stadium het daar reeds 'n nuwe modeneiging op die mark verskyn
- Die modesiklus is voltooi

15. Handelsmerkrowery:

- Wanneer 'n produk 'n naam kry, soortgelyk aan 'n welbekende handelsmerk wat reeds bestaan, met voorbedagde rade/moedswillig om verbruikers te vewar met die oorspronklike produk
- Onregmatige/opsetlike gebruik van 'n beskermd/geregistreerde handelsmerk, handelsnaam of embleme/(logo) en die namaak van etikette en verpakking van produkte

16. Nagemaakte("Couterfeit"):

- Dit is 'n replika/kopie van die oorspronklike produk
- Dit is 'n onwettige kopie van die produk

NS Die Afrikaanse kinders word baie benadeel deur die woord *nagemaakte*. Alle nagemaakte items is nie onwettig nie, slegs by handelsmerkrowery. My aanbeveling is dat die Afrikaanse skole vir hul leerders vra dat hulle by die Engelse vraestel net moet gaan kyk vir die woord "counterfeit".

17. Eko-mode('Groen' mode):

- Klere wat vervaardig word deur metodes, sonder om die omgewing te beskadig
- Gebruik organiese rou materiaal of herwinbare materiaal
- Gebruik materiaal wat gekweek word sonder plaagdoders/chemikalieë

18. Volhoubare tekstiele:

- Dit word gekweek en vervaardig op 'n ekovriendelike wyse sonder om die omgewing te beskadig/omgewingsvriendelike wyse
- Min of geen chemikalieë word gebruik tydens die kweking of vervaardiging van die tekstiele nie
- Hernubare hulpbronne soos plante wat min water benodig en groot opbrengste het, word gebruik om hierdie tekstiele te vervaardig

19. Organiese tekstiele:

- Geen skadelike plaagdoders en onkruidodders word tydens die kweek van hierdie stowwe gebruik nie
- Geen bleikmiddels of chemiese kleurstowwe/-middels word tydens die vervaardigingsproses gebruik nie
- Natuurlike plant kleurstowwe word gebruik om die tekstiele te kleur, sodat die werkers ook nie blootgestel word aan skadelike giftige stowwe nie

Voedsel en voeding

Voeding en voedselverwante gezondheidstoestande

1. Glikemiese indeks (GI)

- GI rangskik voedsel (wat koolhidrate bevat) op 'n skaal van 0 – 100 om hul uitwerking op die bloedsuikervlakke te meet.
- Dit is die spoed waarteen glukose in die bloedstroom vrygestel word.

2. Bloedglukosevlakke:

- Die hoeveelheid glukose in die bloed

3. Lae bloedglukose (hipoglukemie) - Hipo beteken onder

- 'n toestand waar die glukosevlakke in die bloed abnormaal laag daal

4. Hoë bloedglukose (hiperglukemie) - Hiper beteken oor/groot

- 'n toestand waar die glukosevlakke in die bloed abnormaal hoog raak

(GLUKEMIA BETEKEN BLOEDGLUKOSE)

5. Diabetes:

- Is 'n chroniese siekte waar die bloedglukosevlakke abnormaal hoog raak en die liggaam dit nie kan reguleer nie
- Dit is 'n siekte waar die pankreas geen of te min insulien afskei of die liggaam nie die insulien effektief kan gebruik nie.
- Die resultaat is dat daar oormaat glukose is en die liggaam kan dit nie hanteer nie.

6. Oplosbare vesel

- Vesel wat oplos en 'n jel vorm in water. Dit verlaag die vrystel van suiker/ glukose in die bloedstroom.
- Verlaag cholesterolvlakke in die bloed en verminder die risiko van hartsiektes en beroertes.

7. Onoplosbare vesel:

- Vesel wat nie verteer word nie omdat dit nie in water oplos nie, maar eerder bind en water vasvang soos dit deur die spysverteringskanaal beweeg.
- Voorkom dus hardlywigheid.

8. Cholesterol:

- Cholesterol is 'n sagte, wit wasagtige stof wat deur die lewer en liggaamselle produseer word. Die lewer produseer al die cholesterol wat die liggaam nodig het.

9. Hoë cholesterol:

- Hoë vlakke cholesterol in die bloed veroorsaak as gevolg van 'n opbou van 'n vetagtige neerslag/plaak cholesterol en ander vetterige stowwe in die wande van die arteries (slagare).

10. Arteriosklerose:

- Dis die aanpakking en vernouing en uiteidelike blokkering van die arteries a.g.v. die cholesterol en ander vetagtige stowwe in die wande van die arteries.

11. Osteoporose: (beteken poreuse bene)

- A.g.v. 'n lae inname van kalsium in die dieet oor 'n lang tyd.
- 'n Vinniger kalsiumonttrekking vanuit die bene as wat dit aangevul word.
- Die bene raak stadig kleiner, dunner en broos en breekbaar.
- Lei tot 'n verhoogde risiko van frakture van die heupe, bene en gewigte.

12. Versadigde vette:

- Vette wat hoofsaaklik in diere en soliede vette teen kamertemperatuur (bv harde margarien) gevind word.

13. Onversadigde vette:

- Hoofsaaklik gevind in plantvette en vette wat vloeibaar is teen kamertemperatuur.

14. Hidrogeerde vette/transvette:

- Ongesonde vette wat LDL cholesterol verhoog.
- Chemiese veranderinge in vet a.g.v. hoë temperatuur en hidrogenasie (olies wat solied gemaak word in die vervaardiging van harde margarien)

15. Anemie:

- 'n Toestand waar daar minder as normale hoeveelheid rooibloedselle in die bloed is
- Tekort aan hemoglobien in die rooibloedselle a.g.v. 'n tekort aan yster, vit B12 en Foliensuur.
- A.g.v. 'n tekort aan yster

16. Hoë bloeddruk (hipertensie)

n Toestand waar die druk van die bloed teen die arterieë so hoog is dat dit uiteindelik tot gesondheidsprobleme soos hartsiektes lei.

VOEDSELALLERGIEË EN INTOLERANSIES

17. Voedselallergie:

- Kom voor wanneer die immuunsisteem reageer op 'n proteïen wat as skadelik gesien word en daarop reageer.

18. Melkallergie:

- Word veroorsaak as die immuunsisteem reageer op die melkproteïen en dit as skadelik beskou. Dit kan lewensgevaarlik wees.

19. Voedselintolleransie:

- Beïnvloed nie die immuunsisteem nie.
- Is 'n nie-allergiese oorsensitiwiteit vir sekere voedsels, drankies, voedseladditiewe wat bepaalde simptome in die liggaam veroorsaak.

20. Suiwel/laktose intolleransie:

- Die liggaam het 'n tekort aan die ensiem laktase in die dunderm wat die melksuiker afbreek tot glukose en galaktose sodat dit in die bloedstroom absorbeer kan word.
- Dit is die onvermoë om laktose (melksuiker) te verteer weens 'n tekort aan ensiem laktase

21. Glutenintolleransie/ seliaksiekte

- Dit is 'n ingewandsiekte wat plaasvind as die liggaam nie gluten kan verdra nie en veroorsaak dan 'n ontsteking en langtermyn beskadiging aan die wande van die dunderm wat weer veroorsaak dat voedingstowwe deurbeweeg sonder dat dit absorbeer word. (Gluten is die proteïen wat in hawermout, koring, rog en gars gevind word.)

22. Anorexia:

- Is 'n beperkte voedselinname tot op 'n punt van oormatige en gevaarlike gewigsverlies
- die slagoffer sterf van verhongering
- eetsteurnis is agv van 'n verwronge liggaamsbeeld en 'n vrees om vet te word.

23. Bulimia nervosa:

- Wanneer 'n persoon groot hoeveelhede kos eet in kort periode (gewoonlik 2 ure) eet en dan ontslae raak van die kos deur middel van vomering of selfgeïnduseerde braking, of die misbruik van lakseermiddels of enemas.

24. Obesiteit (vetsug)

- Dit is 'n toestand waar daar 'n oormatige hoeveelheid liggaamsvet ten opsigte van die persoon se lengte is.
- Dit is 'n toestand van oormaat vet wat 'n skadelike effek het op die gesondheid.

VOEDSELOORDRAAGBARE SIEKTES

25. Hepatitis A (oneffektiewe geelsug)

- Hepatitis A (geelsug) is 'n uiters aansteeklike lewerinfeksie wat deur die hepatitis A-virus veroorsaak word.

26. Tuberkulose (TB)

- TB, is 'n ernstige, chroniese bakteriële infeksie wat hoofsaaklik die longe aantast.

27. Escherichia coli (E. coli)

- Escherichia coli (E.coli) is 'n tipe bakterieë wat in die spysverteringskanaal (ingewande) van gesonde mense en diere aangetref word en gewoonlik skadeloos is.
- Sommige tipes E. coli kan egter ingewandsinfeksie veroorsaak.

28. Disenterie

- Disenterie is 'n ingewandsinfeksie, veral in die kolon (dikderm), wat tot erge diarree met slym en bloed in die stoelgang kan lei.

29. Gastro-enteritis:

- Gastro-enteritis is inflammasie van die binnewand van die maag, (of dunderm en
- dikderm) in reaksie op 'n infeksie wat deur 'n virus, bakterie, gifstowwe of medikasie veroorsaak is.

VOEDSELBYMIDDELS

30. Voedselbymiddels:

- Voedselbymiddels is natuurlike of chemiese stowwe wat tydens vervaardiging by voedsel gevoeg word om eienskappe soos smaak, tekstuur of voorkoms te bevorder.

31. Nutriënte:

- Nutriënte is die bestanddele in voedselsoorte wat aan die menslike liggaam energie verskaf, weefsels bou en algemene gesondheid onderhou. Dit sluit koolhidrate, vette, proteïene, vitamienes, minerale en water in.

32. Emulsifiseerders:

- Emulsifiseerders maak dit moontlik dat olie en ander vloeistowwe (bv. water of asyn) meng en emulsies vorm en nie van mekaar skei nie om sodoende 'n permanente emulsie te vorm.

33. Stabiliseerders:

- Stabiliseerders word tot voedselsoorte toegevoeg om daaraan 'n egalige tekstuur te gee en die voorkoms te verbeter.

34. Bleikmiddel:

- Aangesien varsgemaalde meel effens geel is, word bleikmiddels bygevoeg om dit 'n witter kleur te gee.

35. Kleurmiddels :

- Kleurmiddels word by voedselsoorte gevoeg om kleur wat tydens die voorbereidings- of verwerkingsproses verlore geraak het, terug te kry of voedselsoorte aantrekliker te laat lyk.
- Dit kan natuurlike of kunsmatige kleurmiddels wees, waarvan laasgenoemde gewoonlik die goedkoper en meer stabiele opsie is.

36. Chemiese preserveermiddels:

- Preserveermiddels. natuurlik en kunsmatig, voorkom of vertraag die groei van mikro-organismes wat lei tot die bederf van voedsel.

37. Antioksidante:

- Antioksidante verbeter die gehalte van voedsel en verleng die rakleef tyd daarvan.
- Vitamien A (retinol), vitamien C (askorbiensuur), vitamien E (tokoferol) en selenium is natuurlike antioksidante .
- Vitamien C tree as preserveermiddel op deurdat dit die nadelige uitwerking van suurstof op voedsel vertraag.
- Askorbiensuur en sitroensuur word gebruik om die verbruining van sommige groente en vrugte te voorkom wanneer dit geskil of gesny word.
- Vitamien E verhoed dat vette en olies galsterig raak.

38. Voedselbymiddels:

- Voedselbymiddels soos kruie en speserye, soute, sure en versoeters kan natuurlik of
- kunsmatig van aard wees en gee aan voedselsoorte 'n spesifieke geur of reuk.
- Dit verryk die bestaande geure in voedselsoorte.
- Dit word algemeen gebruik om die geur van voedselprodukte wat kommersieel vervaardig word, bv. bevrore etes, kitsoppe en peuselhappies, te verbeter en dus die verbruiker aan te moedig om dit te koop en te eet.

GENETIES-GEMODIFISEERDE VOEDSEL en ORGANIES-GEPRODUSEERDE VOEDSEL

39. Geneties- gemodifiseerde voedsel:

- Wetenskaplikes kan 'n enkele geen, wat vir 'n gewenste kenmerk verantwoordelik is, identifiseer, dit onttrek, kopieer en daarna in 'n ander organisme oorplaas.
- Aangesien dit op die manipulasie van gene in die DNA-molekule berus, word
- dit ook genetiese manipulasie genoem.

40. Organiese voedsel:

- Organiese voedsel word geproduseer met die uitskakel van chemiese stowwe soos plaag- en onkruidodders, veevoerbyvoegings en groeistimulante .
- Die hoofdoel van organiese boerdery is om die optimale funksionering van die grond, plante, diere en mense in die ekosisteem te verseker.

41. Bestraalde voedsel

- Voedselbestraling is 'n tegnologie wat mikro-organismes en insekte in voedsel verminder of uitskakel en daardeur die veiligheid van voedsel verbeter en die raklewe verleng.
- Voedselbestraling is die behandeling van voedsel met baie kort lig- en radiogolwe om die veiligheid, aanvaarbaarheid en raklewe daarvan te verbeter.

VOEDSELSEKERHEID

42. Voedselsekerheid:

- Voedselsekuriteit beteken dat alle mense daaglik toegang het tot genoeg, veilige en voedsame voedsel om 'n aktiewe en gesonde lewe te lei.
- Voedselsekerheid berus op die drie dimensies:
 - (1) Voedselbeskikbaarheid: Genoeg kos moet op 'n deurlopende basis beskikbaar wees op sowel nasionale as huishoudelike vlak.
 - (2) Toegang tot voedsel: Mense moet oor genoeg bronne beskik om die toepaslike voedsel vir 'n voedsame dieet op 'n volhoubare basis te verkry.
 - (3) Voedselgebruik: Voedsel moet toepaslik verbruik word gegrond op kennis van basiese voeding en sorg, wat genoeg water en sanitasie insluit.

43. Selfonderhoudendheid/ selfversorging

- Baie Suid-Afrikaanse boere verbruik 'n deel van hul eie produkte en is gevolglik tot 'n sekere mate selfversorgend.
- In baie dorpe maak mense groentetuine, ander hou hoenders aan en sorg so vir minstens 'n deel van hul voedsel. Hul motivering wissel
- Baie min mense, indien enige, is egter heeltemal selfversorgend t.o.v. voedselproduksie en die meeste koop sekere kosprodukte.
- Op sekere tye van die jaar moet mense kossoorte koop wat nie in seisoen is nie.
- Verder het die land die vermoë om wanneer nodig, sekere voedselsoorte met invoere aan te vul.

44. Invoere:

- Wanneer 'n voedselprodukt elders goedkoper is as in Suid-Afrika, voer voedselverspreiders dit eerder in as om duurder plaaslike produkte te koop.
- Suid-Afrikaanse boere kan 'n wye verskeidenheid voedsel voorsien, maar hulle kan dikwels nie die hoeveelheid kos verskaf wat nodig is om in die behoeftes van die land se bevolking te voorsien nie.
- Die land voer gereeld produkte soos koring en mielies in.

45. Uitvoere:

- Suid-Afrikaanse boere voer baie voedselsoorte uit, veral na lande in die noordelike halfrond, en kan somervrugte voorsien tydens die noordelike winter.
- Suid-Afrika voer ook verwerkte produkte soos wyn uit, maar Suid-Afrikaanse wynprodusente moet meeding met lande soos Australië en plaaslike wynmakers in die Noordelike halfrond.

BEHUISING TERMINOLOGIE

1. HUURDER:

- Die persoon wat 'n woonstel of huis huur.

2. VERHUURDER:

- Die eienaar wat die eiendom uithuur.

3. HUURKONTRAK/HUUROOREENKOMS:

- Dit is die ooreenkoms of kontrak wat tussen die huurder en die verhuurder gesluit word.

4. VOLTITEL EIENAARSKAP:

- Die koper word die wettige eienaar van die hele eiendom, die grond sowel as die strukturele geboue daarop.

5. DEELTITEL-EIENDOM:

- Die koper is die wettige eienaar van 'n deel van 'n eenheid van 'n behuisingskompleks, maar gemeenskaplike areas word gesamentlik besit.

6. REGSPERSOON:

- 'n Groep mense (huiseienaarsvereniging) beheer, administreer en bestuur 'n deeltitel eiendomskompleks. Elke eienaar in die deeltitel eiendomskompleks is 'n lid.

FINANSIËLE EN KONTRAKTUELE ASPEKTE

7. VERBORGE KOSTES:

- Uitgawes wat normaalweg nie in die koopprys ingesluit is nie en die koper neem dit nie altyd in ag nie.

8. HUUR:

- 'n Vasgestelde bedrag geld wat die huurder aan die verhuurder betaal waat huurder die reg gee om die eiendom te bewoon.
9. HEFFING:
- Dit is 'n maadelikse heffing wat aan die regspersoon betaal word vir die onderhoud en instandhouding van die geboue van die kompleks, gemeenskaplike areas en verskaffing van sekuriteit.
10. DEPOSITO:
- Dit is die eenmalige bedrag geld wat 'n koper moet bydra tot die koop van 'n huis.
11. LENING:
- 'n Lening aan die eienaar en die eiendom is sekuriteit van die lening.
 - Is die geld wat die koper by die bank leen om di ekoper by die bank leen om die eiendom te koop. Dit word oor vasgestelde tydperk in maadelikse paaie ment met rente terugbetaal.
12. RENTE:
- Die geld wat die bnk jou vra om die geld by die bank te leen.
13. AANBOD OM TE KOOP
- 'n Dokument waar die koper 'n aanbod aan die verkoper maa ken wadie terme en voorwaardes van die koop en verkoop van die eiendom insluit.
14. VERSEKERING:
- Die lewensversekeringdek die terugbetaling as iets onverwags met die koper gebeur.
 - Die tipe versekering dek die terugbetaling van die lening as die leningshouer nie in staat is om lening terug te betaal nie, a.g.v. dood, afdanking of ongeskiktheid.
 - Dit beteken die eienaar se families al die eienaarskap behou in die geval van dood.
15. OMVATTENDE HUISEIENAARSVERSEKERING (OHV)
- Korttermyn versekering wat die huis teen strukturele skade a.g.v. vuur, vloed en ander natuurampe en politieke onrus beskerm.
16. MAANDELIKSE VERBANDTERUGBETALING:
- Die huiseienaar moet aan die bank 'n maandelikse terugbetaling doen.
 - Die maandelikse terugbetaling mag nie meer as tussen 25% en 30% van die huiseienaar se maandelikse salaris oorskrei nie.
 - Maandelikse terugbetaling word oor 'n langtydperk van tussen 20 en 30 jaar afbetaal.
17. VASTE RENTEKOERS:
- 'n Vaste rentekoers is vas oor 'n bepaalde periode of ty den sal nie verander nie.

18. VERANDERLIKE RENTEKOERS:

- 'n Veranderlike rentekoers is gebaseer op die huislening se uitleenrente vasgestel deur SAID.

19. KOOPKONTRAK:

- 'n Formele geskrewe regsoreenkoms tussen die koper en die verkoper, wat die volledige terme en voorwaardes van die koop van die eiendom bevat.

20. KOLLATERALE SEKURITEIT:

- Indien lener nie genoeg kontant het nie, kan sy 'n bykomende sekuriteit gebruik (kollaterale) deur byvoorbeeld die waarde van 'n lewensversekeringspolis of ander bate voor te hou.

21. OORDRAG:

- Dit is as die eiendomsreg van die verkoper aan die koper oorgedra is en deur beide partye onderteken word en die finansiering van die eiendom is deur die bank goedgekeur.

OORDRAG EN VERSKUILDE KOSTES

22. OORDRAGSKOSTES:

- Dit is regskoste wat betaal moet word as die eiendom op die koper se naam oorgedra word. Die oordragsprokureur dra die bedrag oor aan SAID.

23. HEREREGTE:

- Die belasting word betaal wanneer eienaarskap van die eiendom aan die koper oorgedra is.

24. OORDRAGSFOOIE/PROKUREURSFOOIE/TRANSPORTBESORGERSFOOI:

- Oordragsfooie ook bekend as transportbesorgersfooie, is aan die prokureur betaalbaar wat die hele oordragsproses van die eiendom behartig.

25. TITELAKTE:

- Hierdie wettige dokument dien as 'n bewys dat die koper die wettige eienaar van die eiendom is.
- Dit sluit die grootte van die erf, adres en die eienaar se besonderhede in.

26. OORDRAGFOOI.

- Dit is die regsgelde wat betaalbaar is aan die transportbesorger(oordragsprokureur)
- Vir die registrasie van die verband en titelakte.

27. TUSSENTYDSE TARIEWE / INTERIM RENTE

- Dit is die rente wat op die verband betaal moet word voordat die verband geregistreer word.

28. AANVANGSFOOI

- 'N Eenmalige fooi vir die verwerking van die verbandaansoek wat aan die bank betaal word.

29. WAARDASIEFOOI VAN EIENDOM
- 'n fooi om die eiendom te waardeer wat aan die bank betaal word.
30. EIENDOMSBELASTING
- Die koper is verantwoordelik vir die betaling van eiendomsbelasting vanaf die datum van registrasie van die eiendom op sy/haar naam.
31. OKKUPASIEHUUR
- As die koper die eiendom bewoon voordat die verband geregistreer is, moet sy/hy huur aan die verkoper betaal.
32. DIENS- OF ADMINISTRASIEFOOI
- Dit is 'n maandelikse diensfooi wat die bank op lenings vir residensiële eiendom hef.
33. LOPENDE UITGAWES
- Dit is die bedrag wat jy begroot vir verhuisingskoste, die koop van nuwe matte, verf of gordyne
34. DIENSAANSLUITINGSFOOIE
- Deposito's moet vir aansluiting van water, elektrisiteit en telefoon betaal word.
35. VERANDERLIKE KOSTE VAN DIE PROKUREUR
- Hierdie koste sluit posgeld, elektroniese aansysingsfooie en FICA-fooie in
36. BEHUISINGSUBSIDIE
- Die Suid-Afrikaanse regering bied bystand aan laer inkomstegroepe in die vorm van behuisingsubsidies aan om hul te help om behuising te bekom.
37. WERKGEWERSONDERSTEUNING
- Sekere werkgewers (soos die regering en munisipaliteite) bied 'n maandelikse behuisingsubsidie of toelaag aan hul werknemers.
 - Die bedrag van die subsidie/toelaag word deur die werkgewer betaal.

DIE VERBRUIKER

FINANSIELE EN KONTRAKTUELE ASPEKTE WAARVAN VERBRUIKERS MOET KENNIS NEEM

1. Kontrak

- 'n Ooreenkoms tussen een of meer persone waar een persoon 'n aanbod maak en die ander een sy aanbod aanvaar. Albei partye se regte en verantwoordelikhede word hierin uiteengesit.

2. Kontrakbreuk

- Wanneer een party nie sy verpligtinge wat in die kontrak gespesifiseer is, nakom nie, word kontrakbreuk gepleeg.

3. Waarborg

- Dis 'n geskrewe belofte om 'n produk te herstel of te vervang as dit breek of foutief sou raak binne 'n spesifieke tydperk.

4. Vrywaring / Garansie

- Dit is 'n versekering dat die produk in 'n werkende toestand sal wees vir 'n spesifieke tydperk.
- Dit is 'n belofte van die vervaardiger dat enige probleme met die produk, binne 'n spesifieke tydperk reggestel sal word.

5. Grysgoedere / parallele invoere

- Dit is items wat 'n vervaardiger nie in 'n bepaalde land wil verkoop nie maar wat wel daarheen uitgevoer word deur nie-amptelike verspreidingskanale.
- Dit is nie onwettig nie want daar word invoerbelasting daarop betaal.

6. Direkte bemerking

- Wanneer 'n onderneming die verbruiker persoonlik, per pos, telefoon of e-pos kontak om goedere of dienste te koop of om donasies te vra.

7. Afkoelperiode

- Dit is die wettige tydperk wat aan 'n verbruiker gegee word na die ondertekening van 'n kontrak, waarbinne die verbruiker van plan kan verander en die ooreenkoms sonder rede en finansiële implikasies kan kanselleer.

8. Vrystellings / Uitsluitingsklousules

- Dit is 'n klousule in 'n kontrak wat 'n party vryspreek van enige aanspreeklikheid indien hy versuim om die ooreenkoms te eerbiedig of wanneer die produk of diens waarvoor ooreengekom is, nie voldoen aan die doel waarvoor die gekoop is nie.

9. Swendelstreke ("scams")

- Dis 'n oneerlike besigheidstransaksie
- 'n Niksvermoedende verbruiker word op 'n oneerlike wyse oorrede om 'n buitensporige prys te betaal vir goedere/ dienste wat aangebied word. In meeste gevalle bestaan die goedere en dienste nie.
- Die verbruiker verloor sy geld en kry niks in ruil daarvoor nie.

10. Stokvel

- 'n Stokvel is 'n gemeenskapsgebaseerde spaarklub

- Dit bestaan uit 2 of meer mense wat instem om mekaar te ondersteun ten einde 'n spesifieke doel te bereik.

11. Piramide skemas

- Dit is 'n 'gou rykword' geldmaakskema en dit neem die vorm van 'n denkbeeldige piramide aan.
- Hoe opbrengs in beleggings word aan lede beloof wat nuwe lede vir die skema kan werf.
- 'n Piramide-skema is 'n onvolhoubare besigheidsmodel waar die lede van die skema betaal word om nuwe lede te werf, eerder as om enige goedere of dienste te verkoop.

BELASTING, RENTEKOERSE EN INFLASIE

12. Inkomstebelasting

- Dit is 'n belasting wat gehef word op alle inkomste of wins wat deur 'n belastingbetaler ontvang word. Dit sluit individue, maatskappye en trusts in.

13. BTW (Belasting op toegevoegde ware)

- Word bygevoeg by die prys van spesifieke goedere en dienste wat deur besighede verkoop word.
- Dit word tans bereken op 15 %
- Alle verbruikers betaal BTW ongeag hul inkomste.

14. Aksynbelasting (sondebelasting)

- Belasting wat gehef word op luukse items soos alkohol, tabak en parfuum.

15. Brandstofheffing

- 'n Heffing wat betaal word op elke liter petrol/ diesel wat in Suid-Afrika verkoop word. 'n Gedeelte van die heffing word aan die Padongelukke fonds betaal.

16. Lisensies

- Lisensies is ook 'n tipe belasting en moet voorafbetaal word om 'n motor te besit of om tv te kyk.

17. Eiendomsbelasting

- Belasting wat deur huiseienaars aan die munisipaliteit betaal moet word en nie aan SAID nie. Die bedrag word gebaseer op die waarde van jou eiendom.

18. Lopende betaalstelsel (LBS)

- Dit is die belasting wat 'n **werkgewer** van sy **werknemer se inkomste aftrek** en aan die SAID oorbetaal.
- Die werkgewer trek 'n twaalfde van die belasting wat in 'n jaar betaal moet word maandeliks van sy salaris af.

19. Voorlopige belasting

- Belastingbetalers wat nie 'n vaste inkomste verdien nie betaal twee keer per jaar belasting gebaseer op hul geraamde belasbare inkomste.

20. Rentekoerse

- Dit is die koers waarteen uitleners rente moet betaal vir die leen van geld by finansiële instansies.
- Rentekoerse is nie vas nie en dit verhoog of verlaag (fluktueer) soos die aanvraag na geld verander.

21. Repo-koers

- Die rente wat deur banke betaal moet word as hul geld by die Suid-Afrikaanse Reserwebank leen.

22. Enkelvoudige rente

- Dit is rente wat slegs op die hoofbedrag (oorspronklike bedrag) wat jy geleen het bereken word.

23. Saamgestelde rente

- Rente word nie net op die hoofbedrag wat geleen is bereken nie maar ook op al die rente wat alreeds bygevoeg is.

24. Inflasie

- Dit is die volgehoue toename in die pryse van goedere en dienste wat 'n afname in die koopkrag van geld tot gevolg het. (Inflasie verlaag die koopkrag van geld)

25. Inflasiemoers

- Dit is die persentasie waarteen pryse van goedere en dienste in een jaar styg.

26. Verbruikersprys indeks

- Dit is die instrument wat gebruik word om prysstygings en die inflasiemoers te bereken.
- Die VPI toon die verandering in die koste van 'n denkbeeldige mandjie goedere en dienste wat deur 'n tipiese huishouding gekoop word.
- Dit word gebruik om die veranderinge in die ekonomie en die lewensstandaard van Suid-Afrikaners te bepaal.